LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Underberg straat, 5 Wierdapark, Centurion
Tel 087 809 0920
E-pos: bakenkop@telkomsa.net
www.laerskoolbakenkop.co.za
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129

4 November 2011

Geagte Ouers/Voogde

DEBIETORDERS

Dankie aan alle ouers/voogde wat onderriggelde gereeld betaal.

Debietorders vergemaklik betaling van onderriggelde, aangesien daar altyd ŉ risiko aan kontant verbonde is.

ONDERRIGGELDE 2012 vir GR. 1-7 LEERDERS EN GRAAD R-LEERDERS EN NASKOOL

R8 580.00 per leerder, dus R780.00 per maand, vir 11 maande.
R17 160.00 vir twee leerders, dus R1 560.00 per maand.

GRAAD R: R8 800.00 per leerder dus R800.00 per maand, vir 11 maande .

Indien u belangstel om onderriggelde per debietorder te betaal, voltooi die skeurstrokie, waarna debietordervorms aan die ouers gestuur sal word. Die vorms is by die kantoor beskikbaar, indien u later hieroor wil besluit. U kan ook ŉ debietorder vir u tjek- spaar- of transmissierekening voltooi. Onthou om asseblief ŉ gekanselleerde tjek aan u aansoekvorm te heg, nadat u dit volledig voltooi het.

Debietorders sal Desember 2011 afgaan om die eerste betaling vir 2012 te betaal en op 1 Februarie 2012 en daarna maandeliks vir die res van die onderriggelde.
Indien u geen leerder in 2012 in die skool het nie, kanselleer asseblief u debietorder skriftelik, indien u dit nie kanselleer nie, word vorderings gedoen.

Die 5% afslag word in die laaste paaiement, 2011, geïmplementeer vir ouers se debietorders wat maandeliks op tyd afgegaan het. Die 5% afslag vir 2011 vir gereelde debietorderbetalings is reeds in November 2011 in berekening gebring.

HOOFBORG McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN
ONDERSTEUN HULLE ASB. TEL: 012 653 9400

U kan NASKOOLGELDE ook per debietorder betaal. Voltooi asseblief ’n APARTE debietordervorm en merk duidelik: NASKOOL.
NASKOOLGELDE vir 2012: R600 per maand

U kan GR. R-SKOOLGELDE ook per debietorder betaal. Voltooi asseblief ’n APARTE debietordervorm en merk duidelik: GRAAD R.

Enige wysiging of wanneer betaling per debietorder gestaak word, MOET ASSEBLIEF SKRIFTELIK GEDOEN WORD. Vorige debietorders is steeds van toepassing en die heffing vir 2012 sal op 1 Desember 2011 deurgestuur word. Debietorderbedrae word aangepas soos die onderriggelde verander.

LET WEL: Debietorders wat as gevolg van onvoldoende fondse geweier word, word na die tweede weiering outomaties gekanselleer en betaling kan dan by die kantoor gedoen word.

Indien u reeds per debietorder betaal en u 2012 meer of minder kinders in die skool het, sal u asseblief die skeurstrokie invul en **VOOR OF OP 12 November 2011** terugstuur sodat u debietorderbedrag aangepas word.

Indien u enige probleme ondervind, is u welkom om die saak met ons te bespreek.
Dankie vir u samewerking.

Groete

MEV INA HALL	**W.J. FOURIE**
BOEKHOUER	**HOOF**

VOLTOOI ASSEBLIEF ONDERSTAANDE SKEURSTROKIES EN STUUR VOOR OF OP 12 NOVEMBER 2011 TERUG SKOOL TOE.

1. DEBIETORDERVORM

Ons ouers/voogde van ____________________ gr./____ wil asseblief 'n debietordervorm hê.

__________________HANDTEKENING OUER/VOOG ____________ DATUM

2. BESTAANDE DEBIETORDER

Pas asseblief ons debietorder vir 2012 aan:

Voorletters EN van van rekeninghouer: ________________________
Aantal leerders gedurende 2012 in skool:

1.____________________ gr./______

2.____________________ gr./______

3.____________________ gr./______

__________________HANDTEKENING OUER/VOOG ___________ DATUM

>>>

3. KANSELLASIE DEBIETORDER 2011

Kanselleer asseblief die debietorder van die volgende leerders, betaling vir 2011:

1.________________________ gr./______

2.________________________ gr./______

3.________________________ gr./______

__________________HANDTEKENING OUER/VOOG _________ _____DATUM

HOOFBORG McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN
ONDERSTEUN HULLE ASB. TEL: 012 653 9400